



# Kompass

Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Jaargang 13 / no. 4  
April 2004

## DIE HERE HET WAARLIK OPGESTAAN

Wat 'n verrassing: Jesus se opstanding uit die dood! Toe Jesus gekruisig is, gesterf het en begrawe is, het die dissipels alle hoop verloor. Daar was vir hulle geen uitsig meer nie. Totdat Christus self lewend in hul midde verskyn het. Toe het hulle weer opgeleef. In sy eerste brief verwys Petrus daarna wanneer hy skryf: "Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat na sy grote barmhartigheid ons die wedergeboorte geskenk het tot 'n lewende hoop deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode" (1 Pet. 1:3).

Die opstanding van Christus is vir ons as Christene die groot keerpunt. Danksy Pase is daar 'n lewende hoop vir elkeen wat glo. Die sonde speel nog steeds 'n groot rol in ons lewe. Tot ons beskaming moet ons saam met Paulus sê: "as ek die goeie wil doen, is die kwaad by my aanwesig" (Rom 7:21). Ons wil nie graag hê dat ander mense al ons gedagtes en drome agterkom nie. Ons sondes het Christus aan die kruis gebring. Hy het vir ons die helse angsk en pyn, volkome godverlatenheid gely. Watter uitsig is daar nog vir ons? Christus het egter waarlik opgestaan. Die Vader het sy offer vir ons sondes aanvaar. Ons ontvang so te sê die bewys van betaling. Ons hoef die dood as betaling vir die sondes nie meer te vrees nie. Christus het betaal en laat ons deel in sy geregtigheid.

Ons ervaar ook daaglik die gevolge van die sonde. Gebrokenheid selfs in ons eie lewe. Ellende rondom ons: miljoene werkloos en armes in ons eie land; miljoene vigs-slagoffers; miljoene Zimbabwiërs wat deur buitelandse hulp in lewe gehou moet word vanweë die skrikbewind van 'n magsugtige leier; bomaanslae in Spanje; onsekerheid en paniek in Engeland en Amerika oor 'n moontlike volgende aanslag; korrupsie, geweld, diefstal wat geen huis ontsien; droogtes en vloede ens. ens. 'n Mens sou kan moed verloor. Onthou egter: die Here het waarlik opgestaan. Hy het die dood en daarmee ook die gevolge van die sonde oorwin. Hy leef! Hy regeer! Die gebrokenheid en die dood het nie die laaste woord nie. Hy het die laaste woord. Die lewe het die laaste woord. Daarom kan Paulus sê dat ons, selfs tydens die lyding van die teenwoordige tyd, meer as oorwinnaars is deur Christus.

In sekere dele van die wêreld het mense mekaar tydens die Paasfees begroet met die woorde: Christus het waarlik opgestaan! Hy leef! Die Sondag, as dag van Christus se opstanding, het die weeklikse Paasfees van die Christelike kerk geword. Laat ons dan elke Sondag mekaar bemoedig met die woorde: die Here het waarlik opgestaan, Hy leef! In en deur Hom mag ons ook leef, meer as oorwinnaars.

### In Hierdie Uitgawe



### Tema: Die lyding van Christus

- Die rolprent: "The Passion of the Christ" ..... 3
- 'n Goeie Vrydag-preek van Luther ..... 8
- Kruisiging - 'n wrede dood ..... 10
- Teologiese Skool ..... 2
- Engelstalige diens ..... 7
- Briewe ..... 12
- CanRC - Sinodeverslag .. 13
- Pornografie ..... 15
- Bybelse Romans ..... 17
- Die ossuarium van Jakobus ..... 19

# TWEE STUDENTE VOLTOOI TEOLOGIESE STUDIES

Dr. AJ de Visser

## KERKNUUS

Die jaarlikse Skooldag van die **Teologiese Skool van die Vrye Gereformeerde Kerke**, wat gehou is op 20 Maart 2004, het 'n fees-telike karakter gehad omdat twee studente, Erik van Alten en Axel Hagg, hulle grade ontvang het.

Ds JR Visser, hoofdosent van die Teologiese Skool (TS), het die byeenkoms geopen met 'n kort toespraak oor die tema 'Oud-nuut-behoudend-vernuwend'. Na aanleiding van Matt. 13:52 het hy daarop gewys dat die groot vraag nie is of ons teologies behoudend of vernuwend is nie, maar of ons in staat is om uit die Skrif nuwe en ou skatte te voorskyn te bring.

Ds E Viljoen, dosent dogmatiek aan die TS, het 'n lesing gelewer oor die tema 'die leiding van die Heilige Gees'. Ds Viljoen het daarop gewys dat dit 'n baie aktuele tema is omdat daar in allerlei kerke en bewegings 'n sterk behoefte is om te fokus op die sogenoemde ervaring van die Gees. Ds Viljoen het vraagtekens geplaas by die visie dat die leiding van die Heilige Gees basies dieselfde is as die heiligmakende werk van die Heilige Gees. Op grond van 'n studie van Skrifgedeeltes oor die doping van die Heilige Gees en Skrifgedeeltes soos Joh. 16:13-14 en Rom. 8:9, het ds Viljoen die konklusie getrek dat die leiding van die Heilige Gees nie heilsordelik verstaan moet word nie, maar eerder heilshistories. Die leiding van die Heilige Gees is nie soseer 'n ervaring in die mens nie, maar eerder die werk van die Gees om die kerk en die gelowiges in die hele waarheid te lei (Joh. 16:13).

Prof H de Jager het namens die kuratore van die VGKSA 'n kort verslag gelewer. Hy het die gehoor ingelig dat die kuratore besig is met die uitvoering van die opdrag wat die Sinode aan hulle opgedra het. Hy het ook 'n kort opsomming gegee van die situasie by die verskillende teologiese programme.

- In die M.Div.-program van die TS was daar twee studente wat tans hulle studies voltooi het.
- In die B.Th.-program van die TS is daar tans twee studente (van Belhar).
- In die Mukhanyo-Plus-program is daar tans een student (van Soshanguve) wat hoop om binnekort sy studies te voltooi.
- By Mukhanyo Theological College is daar tans vier studente van die VGKSA ingeskryf.

Daarna het Axel Hagg en Erik van Alten hulle M.Div.-grade ontvang. (Die grade word deur die TS in eie verantwoordelikheid uitgereik.) Beide studente het daarna ook geleentheid ontvang om 'n kort toeligtig oor hulle tesis te gee. Axel Hagg het spesialisasie-studie gedoen onder leiding van dr JA Breytenbach. Hy het 'n skripsie ingehandig met die titel 'Kerkreg in die sendingsituasie: Die tuisbring van gereformeerde kerkregtelike beginsels in die sendinggemeente'.

Erik van Alten het spesialisasie-studie gedoen onder leiding van ds P Nel. Hy het 'n skripsie geskryf met die titel 'Die evangelie vir Antiogië (Pisidië) – 'n Eksegetiese studie van Handeling 13:13-52'. Albei skripsies is positief beoordeel en in Erik van Alten se geval

het die eksterne eksaminator geoordeel dat dit die predikaat 'met lof' verdien.

Die Skooldag is in die Bergtuinkerker in Pretoria gehou en is deur sowat 50 aanwesiges bygewoon. ✠



Erik van Alten en Axel Hagg

Eienaar en uitgewer:  
Stigting Woord en Wandel

Drukker: Printburo  
Tel. (012) 335-9134

Kernredaksie: dr AJ de Visser  
(eindredakteur)  
ds C Kleijn  
J Moes  
A Roos  
Mev. M de Vries

Redaksie: Mev. M de Vries  
Cunninghamlaan 1299  
Waverley 0186  
Tel. (012) 332-3168

E-pos: Kompas@Cybertrade.co.za

Nederland: Mev. H van de Weide  
Oldenkottebrink 60  
7544 LP Enschede  
Tel. (053) 478 4561

Administrasie: Mev. ICW Buenk  
Posbus 23931  
Gezina 0031  
Tel. (012) 331-3750

Elektroniese betalings:  
Stigting Woord en Wandel  
Nedbank Gezina  
Takkode: 16 03 45  
Rek. nr: 1603 031 820  
Vermeld asb. u Naam & Lidnr

Intekengelde (per jaar):  
E-pos: RSA R40  
Buiteland • 10  
RSA: R80 (per hand)  
R90 (per pos)  
Buiteland: Seepos • 30  
Lugpos • 40

# ‘n ROLPRENT – “THE PASSION OF THE CHRIST”

Ds TG van Raalte

## TEMA: DIE LYDING VAN CHRISTUS

“Dit is soos dit was” (Johannes Paulus II). “Elke keer as ek oor die kruis preek of praat, sal die dinge wat ek op die skerm gesien het in my hart en gedagtes wees” (Billy Graham). “Dit was ‘n ontmoeting, anders as enigiets wat ek nog ooit beleef het” (Keith Fournier). “Dit is die naaste wat enige een van ons ooit aan kennis sal kom, totdat ons ten volle sal ken” (Jody Dean). “Dit is die beste evangelisasie-geleentheid wat ons nog sedert die werklike dood van Jesus gehad het” (Lisa Wheeler).

Die lofbetuiging slaan byna ‘n mens se asem weg! Wie sou nie na Mel Gibson se nuwe rolprent genaamd “The Passion of the Christ” wou gaan kyk nadat aanbevelings soos hierdie gelees is nie? Daar word ‘n aanspraak gemaak dat die rolprent die teks van die Skrif volledig volg, soos dit die laaste 12 ure van Christus se lewe op aarde uitbeeld, van die tuin tot die graf, met as slot ‘n vlugtige blik op die opstanding.

Die vervaardiger is niemand anders nie as Mel Gibson, nou 46 jaar oud, die suksesvolle akteur wat rolprent-vervaardiger geword het, wat die hoofrol gespeel het in sommige van Hollywood se gewelddadigste en bloederigste rolprente. Gibson is in der waarheid ‘n toegewyde Rooms-Katolieke wat oor hierdie rolprent gesê het: “Dit weerspieël my geloofsoortuigings - ek het dit nog nooit voorheen gedoen nie.” Die grootse gevoel van opwinding en afwagting wat die debuut van die rolprent omgeef, spruit uit die feit dat Gibson dit eers na duisende geestelikes en kerkleiers geneem het om hulle menings in te win.


Die meeste, veral evangelies-gesindes, het reageer met oorweldigende goedkeuring en moedig Christene aan om hele rolprent-teaters uit te koop om sodoende van hierdie rolprent ‘n enorme lokettreffer te maak (bv. Rick Warren, James Dobson).

Ons word gekonfronteer met die vraag of ons kragte met ander moet saamsnoer in die onderskrywing van hierdie rolprent, en die vraag is dringend, veral gesien al die publisiteit wat die rolprent omring.

Sommige lesers mag dit onnodig vind om verder te lees, omdat hulle dit uit beginsel verwerp om te gaan fliëk. Ek juig julle standpunt toe, aangesien ek nie dink dat Christene Hollywood behoort te ondersteun nie. In hierdie artikel gaan ek egter nie hierdie breër vraagstuk aanspreek nie, maar myself beperk tot hierdie een rolprent. Ek is bevrees dat die wye publisiteit sommige Christene sal oorreed om hulle drumpelvreë te oorkom en vir die eerste keer te gaan fliëk. Indien wel, lees eers hierdie artikel. En as jy ‘n gereelde fliëk-ganger is, wil ek jou spesifiek afraai om na hierdie rolprent te gaan kyk.

### TWEEDE GEBOD

Prinsipiële besware is uiters belangrik. ‘n Mens mag dink dat die rol van Christus in ‘n rolprent vertolk kan word, omdat Hy volledig mens was en is, net soos ons. Alhoewel Hy God was, het die mense van die tyd nie deur bloot na Hom te kyk, gesien dat Hy God was nie. Nieteenstaande kan sy Goddelike natuur nie geskei word van sy menslike natuur nie, en daarom is blote mense nie in staat om die lewe van Christus te vertolk wat beide



God en mens is nie. Selfs in sy menslike gedaante was hy sonde-loos. Dit kan ook nie deur sondaars vertolk word nie. Laastens weet niemand hoe Hy gelyk het nie. In hierdie rolprent is die afbeeldings van Christus die hoofokus. James Caviezel, wat die rol van Christus in die rolprent vertolk, is juis gekies vir sy deurdringende blik. Dit lyk of sy oë die lyding van die hele wêreld in hulle rondra, en dit was baie belangrik vir Gibson, om redes wat binnekort duidelik sal word. Caviezel het godslasterlik opgemerk dat sy eie voorletters J.C. is en dat hy 33 jaar oud was tydens die verfilming van die rolprent. Sommige mense het in der waarheid voor hom gebuig. Dit onderstreep hoe die vertolking van die rol van Christus die tweede gebod verbreek.

### “VERLOSSING REEDS VOLTOOI”

As gereformeerde Christene praat ons Bybels oor verlossings-geskiedenis. Hiermee bedoel ons dat die gebeurtenisse van verlossing vir eens en vir altyd op ‘n sekere tyd en plek voltooi is. Daar

is nie een gebeurtenis van Christus se aardse bediening wat herhaal moet word nie (Bybelse geskiedenis is liniêr). Christus se oomblik van glorie op die berg van verheerliking sal net so min herhaal word as sy dood aan die kruis. Hierdie is 'n hoofpunt van kritiek wat die Protestantse kerk nog altyd teen die Rooms-Katolieke leerstellings van die Mis gehad het, waar Christus oor en oor geoffer word. Ons bely dat die kruisiging en dood van Christus, net soos al die ander gebeurtenisse van verlossing, as voltooid gebeurtenisse gepredik moet word, waardeur ons redding en saligheid verseker is en verseker bly.

### **ROOMS-KATOLISISME BY DIE AGTERDEUR IN**

Die rolprent is in der waarheid 'n gestileerde weergawe van die veertien stasies van die kruis. Wat is dit? Die stasies van die kruis is 'n reeks van 14 wydingsafbeeldings (twee- of drie-dimensioneel) waarna Rooms-Katolieke tydens Paasfees (of ander tye) kyk, en die spoor van Jesus vanaf sy veroordeling tot sy begrafnis volg. Rooms-Katolieke geskryfte beklemtoon dat die stasies nie gebruik word om beter te verstaan nie, maar dit is 'n "denkbeeldige oefening" wat moet lei tot 'n dieper "beleving" van die "geheimnisse" van die geloof. By elkeen van die veertien stasies fokus die aanbieder op die afbeelding om Christus te aanbid, die heiliges te vereer en 'n kort gebed te bid. Hierdie rolprent is niks anders as 'n gestileerde, bewegende weergawe van hierdie afbeeldings nie. In ons Heidelbergse Kategismus beskou ons sulke "boeke vir die leke" as teen God se heilige wil (Vr. & Antw. 98). Mense wat na die rolprent gekyk het, het die teater verwonderd en in tranes verlaat, waardeur hulle verseker die rolprent as 'n hulpmiddel gebruik om te aanbid, wat verkeerd is. Hulle

dwaling groei net as ons besef wat hulle ontroer: 'n aantal versinde byvoegings tot die evangelie.

### **MISTIEKE BYVOEGINGS**

Mel Gibson se bronne was nie net die evangelies nie, maar ook die dagboeke van St. Anna Catharina Emmerich (1774-1824) en Maria van Agreda se "The City of God". Albei hierdie geskryfte is Rooms-Katolieke mistieke geskryfte gebaseer op "visioene". Hulle invloed verskyn in sodanige byvoegings tot die evangelie soos dat Jesus vir Maria ontmoet op pad na die kruis toe (vierde stasie), Veronica wat Jesus se gesig afvee (sesde stasie), Jesus wat drie maal val op die weg na die kruis (derde, sewende en negende stasies), Maria wat Jesus se liggaam vashou nadat dit van die kruis afgehaal is (dertiende stasie). Alles is in die rolprent. Gibson het ook versinde terugflitse bygevoeg, soos dat Maria vir Jesus as kind help nadat hy op die grondpad voor hulle huis geval het. Bowendien lyk Maria soos 'n non. Die duiwel verskyn op verskeie plekke, alhoewel hy nie in die evangelies op daardie plekke genoem word nie. Daar kan nog byvoegings genoem word. Soos verskeie resensente sterk benadruk: hierdie rolprent is 'n kunswerk en as sodanig is dit beide 'n vertolking en 'n oefening in verbeeldingskrag. Dobson se aanspraak: "daar is geen spesifieke verwysings na unieke Katolieke leerstellings nie die rolprent nie," is ongelooflik.

### **ERVARING VAN FISIESE LYDING ALLEEN**

Waarom byvoegings tot die Skrif maak? Dit hou direk verband met die hoofklem van Rooms-Katolisisme. Die Rooms-Katolieke geloof is gebaseer op ervaring, naamlik die ervaring van die sakramente, veral die Mis. In sowel hierdie geloof as in die rolprent, is byvoegings gemaak om die algehele

ervaring te vermeerder. Om die waarheid te sê, nie-Christelike resensente het steeds die rolprent waardeur as 'n pragtige verhaal oor 'n moeder en haar seun. Is dit moontlik om die Skrif te lees en tot so 'n gevolgtrekking te kom? Die Skrif onthul eerder God die Vader wat sy Seun afstaan aan die dood! Rooms-Katolisisme fokus op Maria en Jesus, en op Jesus se fisiese lyding, met die doel dat kerkklimate daardeur met Hom identifiseer. Daarom die fokus op afbeeldings en verbeelding.

Maar die boodskap van die kruis is meer as die fisiese lyding van Jesus – die rede vir sy lyding word in die res van die Nuwe Testament verduidelik, op maniere wat in geen rolprent weergegee kan word nie, wat die rede is waarom God sy Woord in woorde eerder as prente gegee het. Hierdie rolprent is 'n baie gevaarlike manier om toe te laat dat vals leerstellings deur emosionele ervarings by jou verstand inglip, beide deur wat bygevoeg is en deur wat weggelaat is.

### **WIE HET DIE MEESTE GELY?**

Daar is geen kwessie daarvoor dat niemand nog ooit so baie gely het soos Christus nie, want Hy het gely onder die las van God se ewige toorn oor die sonde. Die rolprent fokus egter net op sy fisiese lyding – dit word beskryf as brutaal en grusaam, klassiek aan Mel Gibson. In hierdie opsig kan 'n mens sekerlik redeneer dat ander se lyding erger was as die van ons Heer, want sommige van die kerk se martelare het vir jare strawwe marteling verduur. Die klem van die Nuwe Testament ten opsigte van fisiese lyding, val in der waarheid nie op die fisiese lyding van Christus nie, maar die fisiese lyding van sy kerk. Paulus skryf selfs dat hy sy vlees vul met die oorblyfsels van die verdrukkinge van Christus – en hier verwys hy na die fisiese

verdrukking (Kol. 1:24 en Fil. 3:10). As ons vandag op Christus se lyding wil fokus, moet ons kyk na ons broeders en susters wat nou vervolg word.

### **DIE MIS**

Die kern van die Rooms-Katolieke geloof is die Mis. Mel Gibson het gesê dat hy self elke oggend die Mis bygewoon het tydens die verfilming van die rolprent, want “ons moes silwerskoon wees om hieraan te werk.” James Caviezel het gesê dat hy die sakrament “in hom” nodig gehad het om die rol van Christus te vertolk. Gibson hang die Latynse Mis aan, iets wat grootliks deur die Rooms-Katolieke kerk verlaat is sedert Vatikaan II in die 1960's. 'n Deel van Gibson se doelstelling met die rolprent is juis om die offer van die altaar (die Mis) en die offer van die kruis naas mekaar te stel, want vir hom is dit een en dieselfde ding. Rooms-Katolieke glo dat Christus oor en oor in die Mis geoffer word. Die rolprent is deur middel van terugflitse só ontwerp dat dit die vestiging van sulke gedagtes in die kyker se verstand aanhelp.

### **ROOMS-KATOLIEKE BEKERINGS**

Gibson maak aanspraak op baie bekerings en selfs genesings tydens die skiet van die rolprent. Moet egter nie 'n fout maak nie, hy praat nie bloot van bekering tot die Christendom nie, maar tot die Rooms-Katolisisme, en dan veral na die pre-Vatikaan II Tridentiese rituele van Rooms-Katolisisme. In kontras met Vatikaan II, glo hy dat daar geen saligheid buite die Rooms-Katolieke kerk is nie. Gibson het tuis sy eie kapel waar hy elke Sondag die Mis ontvang terwyl ou Latyns gepraat word. Vir hom is dit 'n roerende geloofsbelewenis.

### **DIE FILM AS MEDIUM**

Is dit nou duideliker waarom 'n



toegewyde Rooms-Katolieke so 'n rolprent sal maak? Dit is vir hom 'n daad van toewyding (kan dit selfs 'n manier wees om boete te doen vir vorige sondes?). En in hierdie geval is dit meer waar as ooit dat die medium die boodskap is. In plaas van om met die Woord te kom, kom Gibson met die Prent (oorspronklik sou die rolprent nie eers subtitels gehad het nie, wat alles sou oorlaat aan die kyker se verbeelding, aangesien die tale wat gepraat word, Latyns en Aramees is). Die Rooms-Katolieke klem op die visuele, op belewenis, op Christus se fisiese lyding, en op misterie (misticisme) word goed gedien met die rolprent oor die lyding van die Christus.

Rooms-Katolisisme is nie 'n geloof van die Woord nie, maar van die sakramente, van die verbeelding, en van die gesag van die kerk. Film as sulks versterk hierdie tipe geloof. Ons het hier te doen met 'n groot moderne relieq, die bewegende prent. Die medium is die boodskap, ook in die sin dat films gaan oor vermaak. Soos een web-gebruiker dit gestel het nadat hy die rolprent gesien het: “Hulle besef nie dat die meeste mense wat dit sien, dit steeds as 'n film sal sien nie, en



ook binne die konteks van 'n film nie.”

As gereformeerde Christene wat hou by die Woord, bely ons dat God ons vernuwe deur sy Woord, wat die werktuig is wat aan ons gegee is en deur die Heilige Gees gebruik word. Ons bely dit in die Heidelbergse Kategismus

Vraag & Antwoord 65 en die Dordtse Leerreëls III/IV, art. 17. Sy Woord is nie net die “saad van vernuwning” nie, maar dit verskaf ook daaglikse voedsel vir ons siele (DL V, art. 4). Dit is presies wat die kerkhervormers in die tyd van die Reformasie beklemtoon het, nl. Sola Scriptura, teenoor allerhande Rooms-Katolieke wangebruike soos die stasies van die kruis. Kom ons volg in hulle voetspore, in ooreenstemming met ons belydenis en geloof (NGB, art. 3,5,7)!

### **ALGEMENE LOF**

Baie van die lof vir die rolprent kom van evangeliese protestante. Rick Warren se “Saddleback Community Church” het byvoorbeeld 18 000 teatersitplekke opgeraap. Dobson het sy lesers aangemoedig om enigiets binne hulle vermoë te doen om die rolprent te ondersteun. Dit het daartoe aanleiding gegee dat een resensent geskryf het: “Tye het inderdaad verander as (evangeliese) kerkverteenwoordigers hulle uitgesproke steun gee aan 'n film wat so letterlik fokus op die fisiese lyding van Jesus se liggaam, eerder as die metafisiese betekenis wat die lyding op die mensdom oorgedra het.”

### **EVANGELIES-GESINDES EN KATOLIEKE TESAAM**

Waarom al die lof vir die rolprent, spesifiek van evangeliese protestante? Dit hang saam met die toenadering tussen die evangeliesgesinde en Rooms-katolieke tradisies. 'n Voorbeeld hiervan is 'n

inisiatief wat genoem word ‘Evangelicals and Catholics Together’ (ECT, Evangelies-gesindes en Katolieke Tesaam). Hierdie beweging is in 1985 deur Chuck Colson begin. In 1994 het hulle hul eerste dokument vrygestel, genaamd, “Evangelies-gesindes en Katolieke Tesaam: Die Christelike Missie in die Derde Millennium.” In 1996 is ‘n verdere dokument geproduseer, genaamd, “Die Geskenk van Saligheid”.

Ondertekenaars het Chuck Colson, Bill Bright, Mark Noll, Richard Mouw en J.I. Packer van die evangeliese kant ingesluit. Ons moet oplet dat die Rooms-Katolieke kant nie deur Rome onderskryf is nie, maar slegs verteenwoordig is deur ‘n beperkte aantal Rooms-Katolieke teoloë (daar is ‘n gevaar dat baie evangelies-gesindes dit nie sal besef voor dit te laat is nie). Hoe het die ECT ontstaan?

### **GEMEENSKAPLIKE VYAND**

Evangelies-gesindes en sekere Rooms-Katolieke het bemerk dat hulle ‘n gemeenskaplike vyand het, naamlik die liberale wat die gesag van die Skrif verwerp. Hier is ‘n voorbeeld van die verskil: Liberale sou sê dat Jesus nie werklik uit die dood opgestaan het nie; dit is ‘n storie of mite. Evangelies-gesindes en Rooms-Katolieke glo hy het werklik opgestaan (let egter daarop dat daar baie liberale Rooms-Katolieke is). Terwyl die liberale aborsie, eutanasie en homoseksuele huwelike toelaat, sou die meeste toegewyde Rooms-Katolieke en evangelies-gesindes dit nie doen nie. Dus, hulle het op verskeie fronte verenig.

### **EENHEID OOR MAATSKAPLIKE KWESSIES**

Evangelies-gesindes en Katolieke het gevind dat hulle sy-aan-sy staan teen aborsie, eutanasie en homoseksuele huwelike. Gerefor-

meerde Christene het ook hier ‘n plek. Die probleem kom in wanneer sulke kwessies so baie aandag ontvang dat hulle verwar word met die wese van die evangelie. Om aborsie teen te staan red ons nie! Ons moet daarop bedag wees dat ons ook nie moet aanneem dat ons motivering identies is nie.

Evangelies-gesinde leiers wat die rolprent onderskryf, oorsien die verskille met Rooms-Katolieke in die leerstellings van saligheid, die kerk, aanbidding, Maria, sakramente ens. Waarom? Waarskynlik omdat leerstellings vandag as minder en minder belangrik geag word. Een van die redes is die volgende.



### **EENHEID VAN ERVARING**

‘n Groot beweging agter die eenheid van allerhande verskillende kerke is die charismatiese beweging. Hierdie beweging word in feitlik alle kerke gevind, van Rooms-Katoliek tot Gereformeerd, Christelik. Wat is die beweging anders as ‘n fokus op beleving? Mense in die baie verskillende kerke ervaar dieselfde ekstase, of dit spreek in tale is, om deur die Gees “geslaan” te word, of om “lof-en aanbiddingsliedere” te sing. In sy resensie van die rolprent vra Richard Bennet, ‘n voormalige RK priester, “Sal die geskiedenis hierdie dag onthul as die dag toe evangelisasie, op ‘n populêre vlak, saamgesmelt het met die Rooms-Katolieke kerk?” Hierdie eenheid in ervaring is nommerpas met die Rooms-Katolieke klem op ervaring. Die Rooms-Katolieke kerk was nog

altyd bereid om ander te akkommodeer op voorwaarde dat hulle binne die “moederkerk” bly. Ek sien die ECT as ‘n poging van die Roomse Kerk om die Evangelies-gesindes terug “huis toe” te lok. Geoordeel aan die aanvaarding van die rolprent, lyk dit asof hulle taktiek werk.

### **SELFS EENHEID IN SENDING**

Dit is verrassend dat die ECT-dokumente ook eenheid in sending en evangelisasie aanmoedig. Mel Gibson se rolprent ontvang juis om hierdie rede soveel lof – dat dit dalk een van die grootste evangelisasie werktuie ooit sal wees. Maar die doel heilig nie die middele nie. Deur sy Woord reguleer God ons doelwitte én ons metodes. As die rolprent nie die ware evangelie oordra nie, en as die rolprent as medium nie gebruik behoort te word om die evangelie oor te dra nie, dan moet ons dit nie gebruik nie.

Die werklike gevaar lê daarin dat ‘n generasie grootgemaak sal word met die Gibson rolprent, maar dat steeds bitter min mense hulle sal wend tot die Woord van God en ware Christene sal word (NGB art. 29, par. 3). Soms is kerke meer suksesvol om die Amerikaanse kultuur uit te voer as om die evangelie aan ander te leer. (Stel jou voor ‘n rolprent word vertoon aan ‘n stam wat nog skaars ‘n TV gesien het, laat staan nog een besit het! Hulle sal die TV wil hê, nie die evangelie nie. Die evangelie word maar net ‘n middel om die TV-kultuur te verkry.)

As Gereformeerde Christene kan ons nie met die Roomse Kerk in sending verenig nie, en ons behoort nie ons Bybelse beginsels in die gedrang te plaas deur ‘n medium te gebruik wat nie ons Vader se goedkeuring wegdra nie.

## HOLLYWOOD LUISTER

'n Hollywoodse publikasie beampte het onlangs belangrike statistieke onder ateljee leiers se aandag gebring - "week na week gaan ongeveer vyf keer meer mense kerk toe as fliëk toe." Die boodskap aan Hollywood is: tint jou rolprente met Christelike temas en jou poel van fliëkgangers word vyf keer groter. Geld, sakke vol! En wat kry ons? Rolprente met geestelike temas of sub-temas, maar sonder die regte waarheid van die evangelie. Die duiwel kom op pantoffels, om diegene te verlei wat nie die waarheid so goed ken as wat hulle dit behoort te ken nie.

## DEEL VAN 'n GROTER KONTEKS

Om op te som: die wyer kerk het die prooi geword van 'n vals idee van toleransie – verenig met mekaar en ignoreer die verskille.

Die resultaat is onvermydelik. Hoe langer jy die verskille ignoreer, hoe meer verdwyn hulle. In plaas daarvan om in metode en boodskap aan die evangelie vas te klou, kies baie kerke vir 'n vals eenheid. Dit word bereik deur oor maatskaplike kwessies te verenig, of op die vlak van ervaring, of oor 'n doel vir evangelisasie. Baie is besig om die hart van die evangelie te verloor, naamlik regverdigmaking deur genade alleen deur geloof alleen. Of terwyl hulle wel die hart van die evangelie behou, gaan hulle kompromieë aan ten opsigte van die res van God se geboorte. Terwyl so baie daarvan praat om die kultuur te transformeer, lyk dit asof die kultuur die kerk transformeer.

Mel Gibson se rolprent mag lyk na die begin van 'n groot terugkeer na die evangelie, maar in die lig van wat ek geskryf het, sien ek dit as 'n volledige ommeswaai weg van die ware evangelie van vrye vergiffenis af.

## TYD VIR HERNUWING

Dit het tyd geword dat ons as Gereformeerde Christene ons verbintenisse met die Woord van God in die volle sin van die woord hernu. Ds. Richard Pot, predikant van die CanRC in Orangeville, het sy gemeente herinner: "Hierdie is 'n geleentheid om ons entoesiasme en passie vir die Woord – gelees en gepredik – wat die lewende Christus onthul, te vernuwe. Uiteindelik moet dit wat ons van Christus se lewe verstaan, deur die Woord gevorm word. As jy groter insig wil hê in die lyding van Christus se passie, moenie na die rolprent gaan kyk nie, maar lees die Boek. En as mense na aanleiding van die rolprent ons nader met vrae oor die

Boek, laat ons gereed wees met antwoorde! Ek moedig julle aan om elke dag die Skrifte te lees en te bestudeer, en om versigtig na die Skrif se boodskap te luister soos dit week na week deur God se die-naars gepredik word. Mag die Here daardie boodskap gebruik om ons ook vandag in die volharding van ons geloof aan te moedig."

*Ds. Ted van Raalte is predikant van Redeemer Canadian Reformed Church in Winnipeg, Kanada. Die artikel is vir 'Clarion' geskryf en die vertaling in Afrikaans is deur Mariaan Hordijk gedoen. Die oorspronklike Engelstalige artikel, wat ook baie voetnota's bevat, is beskikbaar by [www.redeemer-canrc.ca/ppage.php](http://www.redeemer-canrc.ca/ppage.php)*

✠

## Engelstalige diens in Pretoria

Op Sondag 21 Maart 2004 is daar 'n Engelstalige diens gehou in die kerkgebou van die Vrye Gereformeerde Kerk te Pretoria. By die historiese geleentheid het ds C Kleyn die diens gelei en het ds TK Mogale van Mamelodi 'n preek gelees oor Eksodus 17:8-16. Die lieder is uit die 'Book of Praise' van die Canadian Reformed Churches geneem.



Die kerkraad van Pretoria het die diens belê, onder andere om 'n geleentheid te skep dat die eenheid tussen die blanke en die swart gemeentes in die kerkverband daadwerklik beleef kan word. Die diens is deur sowat 200 lidmate van Pretoria en enkele broeders uit Mamelodi bygewoon.

In gesprekke met die sendingsgemeentes is die kerkraad van Pretoria besig om te besin oor die moontlikheid om 'n Engelse preekpunt te begin, in samewerking met die swart predikante en sending-medewerkers. Dit blyk dat steeds meer (veral jonger) swart lidmate nie meer Sotho lees nie maar Engels as voertaal gebruik. Indien 'n aantal Engels georiënteerde lidmate in 'n bepaalde area geïdentifiseer kan word, sou daar moontlik met Engelse dienste begin kan word waar ook Engels georiënteerde blankes sou kan inskakel. ✠

# 'n GOEIE VRYDAG-PREEK VAN LUTHER

## TEMA: DIE LYDING VAN CHRISTUS

**Met al die opwinding rondom die film 'The Passion of Christ' is dit goed om na 'n stem uit die verlede te luister. In 1519 het Martin Luther 'n Goeie Vrydag-preek uitgegee met die titel "Ware en valse sienings oor Christus se lyding". Amper vyfhonderd jaar later is sy boodskap nog merkwaardig aktueel. Hier volg 'n vrye bewerking van Luther se preek.**

Daar is mense wat die lyding van Christus op so 'n manier oordink dat hulle kwaad word vir die Jode en vir die arme Judas. Dit is soos wanneer sommige mense uit gewoonte kla oor ander mense en op hulle vyande gefokus is. So 'n oefening is natuurlik nie 'n oordenking van die lyding van Christus nie, maar 'n oordenking van die verdorwenheid van Judas en die Jode.

Daar is ook mense wat Christus se lyding op 'n ander manier misbruik. Dit gebeur wanneer Christus se lyding afgebeeld word in prente en boeke en krusifikse. Sommige gaan selfs so ver dat hulle glo dat hulle daardeur beskerming geniet teen gevare soos water, of vuur, of die swaard. Op hierdie manier word die lyding van Christus 'n middel tot beskerming teen eie lyding. Dit is nie waarvoor Christus se lyding bedoel was nie!

In die derde plek is daar mense wat met Christus simpatiseer op so 'n manier dat hulle hom geweldig jammer kry omdat Hy so onskuldig was, soos byvoorbeeld die vroue van Jerusalem wat oor Christus gehuil en geweeklaag het. Soos ons weet, het Christus hulle vermaan om eerder oor hulleself en oor hul kinders te weeklaag.

Aan die ander kant is daar diegene wat die oordenking van Christus se lyding liever vermy en meen dat dit genoeg is om die mis by te woon. Die oorsaak hiervan is die onderrig van sommige leraars wat sê dat die mis *opere operati, non opere operantis* werk, met ander woorde, dat die mis outomaties werk, onafhanklik van ons verdienste of waardigheid. Nogtans was die mis nooit om daardie rede ingestel nie. Dit was juis die bedoeling dat ons daardeur die lyding van Christus sou oordink. As ons dit nie doen nie, is die deelname aan die mis nutteloos.

### **DIE REGTE VERSTAAN VAN CHRISTUS SE LYDING**

Diegene wat op die regte manier oor die lyding van Christus nadink, doen dit op so 'n manier dat hulle in hul harte verskrik raak, en dat hul eie gewete hulle aankla. Hierdie verskrikte gevoel is nodig sodat ons die ernstige toorn van God oor sonde en sondaars mag raaksien. Dit is ook nodig sodat ons kan verstaan dat God bepaal het dat sy Seun die sondaars slegs kon verlos deur die losprys wat in Jesaja 53:8 genoem word: "Ter wille van die oortreding van my volk was die plaag op Hom." As jy diep daaroor nadink dat God se Seun hierdie lyding ondergaan het, sal jy inderdaad verskrik wees. En hoe meer jy daaroor nadink, hoe groter indruk sal dit op jou maak.

Jy sal verder ook besef dat jy die persoon is wat Christus se lyding veroorsaak het. Jou sondes het dit gedoen. So het die apostel Petrus die Jode geweldig laat skrik toe hy vir hulle gesê het: "Julle het Hom gekruisig" (Hand. 2:36). Hy het hulle almal, sonder onderskeid, aangespreek. So was daar op daardie dag drie duisend wat

verskrik was en wat bewend aan die apostels gevra het: "Broeders, wat moet ons doen?" Daarom, as julle sien hoe die spykers deur sy hande gedryf word, moet julle glo dat dit julle is wat dit gedoen het. As julle die doringkroon op sy kop sien, moet julle glo dat hierdie dorings julle verdorwe gedagtes is, ensovoorts.

Een van die kerkvaders was in sy gewete so verskrik as gevolg van die oordenking van Christus se lyding dat hy gesê het: "Ek het gedink dat ek veilig was. Ek het niks verstaan van die ewige oordeel wat in die hemel op my wag nie, totdat ek gesien het hoe die ewige Seun van God na vore getree het en Homself vir my geoffer het oor juis daardie oordeel." As ons die erns van Christus se lyding sien, behoort ons nie meer ligtelik oor ons sondes te dink en te reken dat ons veilig is nie. Daarom het die Here die vroue aangespreek en gesê: "Dogters van Jerusalem, moenie oor My ween nie, maar ween oor julleself en oor julle kinders." (Luk. 23:28) En dan gee Hy in die 31ste vers ook die rede: "Want as hulle dit doen aan die groen hout, wat sal met die droë gebeur?" Asof Hy vir hulle wou sê: Leer van my martelaarskap wat julle eintlik verdien het om te ontvang.

Elkeen moet homself hierin oefen, want die wins van Christus se lyding hang daarvan af of 'n mens ware kennis van jouself kry, sodat jy verskrik raak in jou gewete. Solank 'n mens hierdie punt nie bereik nie, sal die lyding van Christus vir jou geen voordeel oplewer nie.

Hoe bereik 'n mens dit? Nie deur baie woorde nie, maar deur diep gedagtes en deur 'n diepe besef



van ons sondes. Kom ons neem 'n voorbeeld: Sê nou maar 'n boosdoener is veroordeel omdat hy die kind van 'n koning doodgemaak het, en jy was veilig omdat jy onskuldig was. Maar dan word jy gevange geneem en dit blyk dat jy die boosdoener in staat gestel het om daardie bose misdaad te pleeg ... kyk, dan is jy skielik in groot ellende en jou gewete sal jou aankla. So moet jy ook voel oor Christus se lyding. Want die 'boosdoeners', die Jode, alhoewel hulle die Seun van God geoordeel en verwerp het, was ook die dienaars van jou sondes. In werklikheid was jy die een wat die Seun van God deur jou sondes gekruisig het.

Enigiemand wat so hard en gevoelloos is dat sy gewete hom nie aankla as hy Christus se lyding oordink nie, moet bevrees wees en bewe. Want daar is geen keuse nie: as jy nie nou, tydens jou lewe, in jou gewete verskrik raak vanweë Christus se lyding nie, sal jy Christus se lyding ervaar nadat jy gesterf het. Dit is verskriklik om met hierdie dinge gekonfronteer te word op jou sterfbed. Bid derhalwe tot God, dat jou hart versag mag word en dat jy op 'n vrugbare manier die lyding van Christus mag oordink. Jy moet egter beseft dat dit nie beteken dat jy self hierdie dinge moet doen nie. Jy moet eerstens die genade van God soek en daarna verlang, sodat jy dit deur God se krag mag vermag, en nie deur jou eie krag nie.


Aangesien hierdie werk nie in ons hande is nie, kan dit gebeur dat ons bid en tog nie onmiddellik die verlangde effek ontvang nie. Tog moet ons nie wanhoop nie, maar aanhou bid. Dit sal kom wanneer ons nie daarvoor bid nie, volgens God se kennis en besluit.

### **DIE TROOS VAN CHRISTUS SE LYDING**

As ons Goeie Vrydag op die regte manier gevier het, moet ons voortgaan en by Pase en Hemelvaart uitkom. As 'n mens jou sondes

raakgesien het en jy is verskrik in jou gewete, dan moet 'n mens oppas dat jy nie daarby bly staan nie. Dit mag nie so wees dat niks as onsekerheid en twyfel oorbly nie.

Bring dan jou sondes by Christus en glo met 'n opgewekte gees dat jou sondes deur sy wonde en lyding bedek word. Wees oortuig daarvan dat Hy dit dra en genoegdoening bewerk. Dit is wat Jesaja 53:6 sê: "Die HERE het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom." Dit sê die apostel Petrus



ook in sy eerste brief, hoofstuk 2:24: "wat self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het". En die apostel Paulus in 2 Kor. 5:21 "Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom." Ons moet volledig vertrou op Skrifgedeeltes soos hierdie. Hoe sterker ons gewete ons aankla vanweë ons sondes, hoe meer moet ons ons toevertrou aan die boodskap van hierdie verse. As ons dit nie doen nie, sal ons nooit vrede in ons hart hê nie. As ons sondes op ons gewete bly lê, sal die las vir ons te groot word om te hanteer. Maar as ons sien dat ons sondes op Christus gelê is en dat Hy die oorwinning oor ons sondes behaal het deur sy opstanding, en as ons dit vreesloos glo, dan is ons sondes dood en beteken niks meer nie. Want ons sondes kan nie op Christus bly lê nie. Dit word gekanselleer

deur sy opstanding. Dit is die boodskap van Paulus in Rom. 4:25 as hy sê dat Christus "oorgelewer is ter wille van ons misdade en opgewek is ter wille van ons regverdigmaking".

As ons sover gekom het, moet ons nog verder gaan. Ons moenie by Christus se lyding bly staan nie, want dit het sy werk gedoen. Gaan voort en dink ook aan die vriendelike hart van Christus, hoe vol liefde dit vir jou is. Dink aan die liefde wat Hom gedring het om die swaar las van jou sondes te dra. Dan sal jou hart ook in liefde vir Hom ontbrand, en jy sal sekerheid van geloof ontvang. Trouens, jy moet nog hoër gaan: deur die hart van Christus na die hart van God toe. Jy moet beseft dat Christus nie in staat sou gewees het om jou lief te hê as God dit nie in sy ewige liefde wou gehad het nie. Dan sal jy die Goddelike, goeie Vaderhart sien, en so sal jy deur Christus na die Vader getrek word. Dan sal jy die woord van Christus verstaan: "Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê" (Joh. 3:16). Om God na waarheid te ken, beteken dus om Hom te ken in sy goedheid en sy liefde. Dan sal ons geloof en vertrouwe onwankelbaar vas staan.

As jy sover gekom het, sal Christus se lyding ook 'n voorbeeld vir jou hele lewe wees, en dan sal jy sy lyding nog weer op 'n ander manier oordink, naamlik soos volg: As depressie of siekte ons wil onderkry, onthou dan hoe nietig jou probleme is in vergelyking met die dorings en spykers in Christus se liggaam. As hoogmoedige mense jou aanval, onthou dan hoe Christus verneder was en saam met moordenaars gereken is. As jy die slagoffer word van haat of jaloesie, onthou dat Christus met vele trane gebid het vir die wat Hom haat.

# KRUISIGING: 'n WREDE DOOD

## TEMA: DIE LYDING VAN CHRISTUS

**Van oudsher was die kruisdood een van die mees skandelike maniere om tereggestel te word. Dit was ook een van die mees pynlike maniere om te sterf. In hierdie artikel word 'n historiese en 'n mediese perspektief op die kruisdood gegee.**

Waarskynlik het die kruisdood ontstaan in die tyd van die Assiriërs en Babiloniërs en is dit teen die 6e eeu v.C. gereeld gebruik. Alexander

Op hierdie manier kan 'n mens krag kry uit Christus se krag. So kan 'n mens bemoediging ontvang te midde van gevare en boosheid. Dit is die regte oordenking van Christus se lyding, en dit is die vrug van sy lyding. Laat ons onself hierin oefen. Paulus sê: "Maar die wat aan Christus behoort, het die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig." (Gal. 5:24) Die oordenking van Christus se lyding moet dus nie by woorde bly staan nie, maar dit moet uitkom in ons lewens. "Omdat Christus dan vir ons na die vlees gely het, moet julle jul ook wapen met dieselfde gedagte, dat wie na die vlees gely het, opgehou het met die sonde." (1 Petrus 4:1) Hierdie soort van oordenking het deesdae in onbruik geraak en dit is baie skaars, alhoewel die briewe van Paulus en Petrus vol is daarvan. Ons het die wese daarvan verander in 'n spel. Die oordenking van Christus se lyding sien 'n mens in boeke en op mure, maar nie meer in mense se lewens nie.

*Bron: Sermons of Martin Luther. Edited by John Nicholas Lenker. Volume 2. Baker Book House, Grand Rapids, 1988. Vertaling en bewerking in Afrikaans deur dr AJ de Visser. ✠*

die Grote het dit in die 4e eeu v.C. tot by die oos-Mediterreense lande gebring en die Feniciërs het dit in die 3e eeu v.C. in Rome begin gebruik. Die Romeine het die tegniek van kruisiging vervolmaak totdat dit deur Konstantyn I in die 4e eeu n.C. afgeskaf is.

In Romeinse tye is kruisiging gebruik vir slawe, rebelse soldate, Christene en uitlanders. Die dood het ingetree na enigiets tussen ses ure en vier dae. Faktore wat die dood veroorsaak het was die effekte van geseling, verminking, bloeding en ontwatering. Die mees belangrike faktor was egter die progressiewe tekort aan asem wat veroorsaak is deur verhinderende van die asemhalingspiere. Die tekort aan suurstof het die skok wat kom na uitdroging vererger. Afsterwe was dan deur hartstilstand.

Die Romeinse wagte moes by die slagoffer bly totdat hy dood was, en dit was hulle gewoonte om die dood te bespoedig deur die onderbene te breek, die hart te steek, harde hou teen die voorkant van die borskas te gee, of 'n rokende vuur aan die voet van die kruis te maak sodat die slagoffer versmoor.

### GESKIEDENIS

Kruisiging kan gedefinieer word as die metode waarby 'n persoon gehang word, meestal aan die arms aan 'n kruis of soortgelyke struktuur totdat hy dood is. Dit kan onderskei word van 'n ou Joodse gewoonte waar iemand eers dood gemaak is deur steniging, en dan aan 'n boom of paal gehang is.

Kruisiging was byna nooit gebruik in pre-Hellenistiese Griekeland nie, hoewel dit wel in die literatuur

genoem word. Waar ook al die Romeinse leër gegaan het, is kruisiging beoefen en volgens historici het onderdrukte volke in weerwraak ook só met Romeine gedoen.

In die tyd van Christus het die Joodse wet die kruisiging as 'n aanvaarde manier van teregstelling gesien, net soos steniging en verwurging, hoewel dit spesifiek as 'n skandelike dood en 'n vervloeking van God beskou is (Deut 21:23). Onder Romeinse heerskappy het kruisiging 'n algemene gebruik in Palestina geword. In die jaar 4 v.c. het Varus nie minder nie as tweeduizend Jode gekruisig. Die geskiedskrywer Josephus vertel van massale kruisigings gedurende die Joodse oorlog.

### ROMEINSE KRITERIA VIR KRUISIGING


Hoewel Romeinse burgerskap gedeeltelike beskerming gebied het teen teregstelling deur kruisiging, was dié beskerming nie absoluut nie. Die Republikeinse beginsels van gelykheid in terme van Romeinse reg, het begin verval gedurende die vroeg Romeinse tyd. 'n Nuwe konsep van hoër en laer klasse het ontwikkel waarby lede van eersgenoemde klas selde gekruisig is. Kruisiging was gesien as straf vir slawe, maar dit is ook algemeen gebruik vir Christene, uitlanders en vrygemaakte slawe, ten spyte van Romeinse burgerskap.

Tydens die eerste eeu n.C. het is groot getalle rebelle, meesal Jode, in Palestina gekruisig. Christus is gekruisig op die getuienis dat hy 'n rebellie teen Rome aangespoor het, soos die selote en ander politieke aktiviste. Die Romeine was meer geïnteresseerd om politieke onrus te onderdruk as om kriminaliteit te beveg.

### DIE KRUISIGINGSPROSES

In Persiese tye is kruisiging meesal gedoen aan bome of eenvoudige

paalstrukture. Die Romeine het 'n verskeidenheid van kruise gebruik, bv. 'n X-vormige kruit, maar in die meeste gevalle is die Latynse kruit (†) of die Tau-kruit (T) gebruik. Die mees algemene kruit was 1.8 – 2.4 meter hoog, die dwarsbalk 1.5 – 1.8 meter lank en dit het tot 130 kg geweeg. Die regop deel van die kruit is meesal voor die tyd geplant en die dwarsbalk is daaraan vasgemaak nadat die slagoffer vasgespyker of vasgebind is. Soms is daar 'n stut vir die boude aangebring en, minder dikwels, 'n voetstuk.



#### VOOR DIE KRUISIGING

Onder Romeinse wet is iemand wat ter dood veroordeel is, vooraf gemartel (hoewel nie vroue, Romeinse senatore of soldate nie). Die marteling was barbaars en is gedoen met houtstokke of 'n kort sweep. Die persoon is kaal uitgetrek, aan 'n paal vasgemaak en oor sy rug, boude en bene geslaan. Die Joodse wet het marteling tot 40 houde beperk. Die doel van die marteling was om die slagoffer aansienlik te verswak. Dit het vreeslike pyn, bloeding en diep wonde veroorsaak. Na die houde is die slagoffer gedwing om die dwarsbalk tot by die plek van kruisiging te dra. Romeinse wagte onder leiding van 'n hoofman het die slagoffer vergesel, en was aan diens totdat die persoon gesterf het.

#### DIE KRUISIGING SELF

In Jerusalem was dit gebruiklik dat vroue die slagoffer 'n pynstillende drankie aangebied wat van wyn en mirre of reukolie gemaak is. As hy nie reeds sonder klere was nie, is

sy klere op hierdie stadium uitgetrek en moes hy op sy rug lê met sy arms langs die dwarsbalk. Die dwarsbalk is dan aan die arms vasgemaak met ysterpenne wat deur sy polse geslaan is, eerder as deur sy hande wat nie die liggaamsgewig kon dra nie sonder dat dit losgeskeur het. By geleentheid is die slagoffer onderstebo gekruisig. Die dwarsbalk en slagoffer is dan opgelig en aan die paal vasgemaak wat vooraf geplant is, en die voete is aan die paal vasgebind of vasgespyker.

Die soldate het die slagoffer se klere verdeel en gewag totdat hy sterwe. As daar noodsaak was vir 'n vinnige dood, of om seker te maak dat hy alreeds dood is, is een of beide bene onder die knieë met 'n stomp voorwerp gebreek. Na die dood is die familie toegelaat om die liggaam te verwyder en te begrawe nadat hulle toestemming van 'n regter gekry het. Soms was dit die gewoonte om die lyk op die

kruit te laat sodat dit deur diere en voëls opgeëet kan word.

#### OORSAKE VAN DOOD

Die oorsaak van die dood by meeste slagoffers is 'n gebrek aan suurstof in die bloed as gevolg van belemmering van asemhaling en van die bloedsomloop. Om aan die arms te hang bemoelijk asemhaling omdat die asemhalingsspiere nie doeltreffend kan werk nie. Wanneer spierkrampe dan begin het, is asemhaling verder bemoelijk omdat die slagoffer homself nie aan sy arms kon optrek nie.

Verligting van die asemnood deur die strek van die bene, wat die las op die arms en borskas sou verminder, word

progressief moeiliker. Uiteindelik kan die borskasspiere nie meer gebruik word nie, en kan slegs die diafragma (middelrif) gebruik word om asem te haal. Verstikking is dan onvermydelik. Die suurstofgebrek verhinder die werking van die hart, en gevolglik kan die bloeddruk nie gehandhaaf word nie.

Die veroordeelde op die kruit het 'n stadige dood gesterf, 'n dag of meer, en hy het hoofsaaklik gesterf vanweë multi-organversaking. Bloedverlies, ontwatering, en tekort aan suurstof in die bloed, dit alles veroorsaak dat die hart uiteindelik stop en die slagoffer sterwe.

*Die artikel is ingestuur deur dr AL van den Berg (Bellville). Dit is gebaseer op 'n artikel van FP Retief en L Cilliers in South African Medical Journal, Desember 2003, vol 93, nr 12.*

α

# IN MEMORIAM

## BRIEWE VAN LESERS

### Geagte redakteur:

Oor hoe die Here wil hê dat ons sy Paasoffer moet herdenk, het Hy Hom soos volg uitgelaat: "Neem, eet; dit is My liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot My gedagtenis", en, "Hierdie beker is die nuwe testament in My bloed; doen dit, so dikwels as wat julle daaruit drink, tot My gedagtenis".

So dikwels as wat ons dan met nagmaal die brood eet en uit die beker drink, vier ons in herinnering en herdenk ons openlik die dood van die Here totdat Hy kom.



Dit moet dan 'n vreemde soort eewilligheid, 'n soort skisofrenie (om die term baie los te gebruik) wees om vier Sondae per jaar ons Paaslam nougeset-korrekt in herinnering te bring, net om dit dié tyd van die jaar wat ons by uitstek daarvoor uitsonder, na te laat.

Tog sou die idee om die vier van nagmaal op Goeie Vrydag of Paassondag 'n jaarlikse instelling te maak, vir baie van Kompas se lesers vreemd klink. Baie van ons het dit nog nooit só gedoen nie. Is dit nie dalk tyd dat ons onself afvra waarom nie? En as dit dan blyk dat daar geen geldige rede is om nié nagmaal in hierdie tyd te vier nie, moet ons dan nie ons gebruikte en tradisies aanpas by ons Here se wense nie?

*Jaco de Wet, Pretoria*



### FOLMER BOEKHANDEL

19e Laan 283, Villieria  
Pretoria, 0186, Suid-Afrika

Tel 012 329 0031  
Faks 012 329 5927

AFRIKAANSE BYBELKONKORDANSIE – gegrond op die Afrikaanse vertaling van 1933 en die hersiene uitgawe van 1957. Hersien en uitgebrei met die 1983-vertaling deur Felix A Mijhardt, Bykans 200 000 verwysings is in hierdie konkordansie opgeneem! ". . . die Bybelse eiename is nou volledig in die liggaam van die konkordansie opgeneem. Vir die betekenis van Bybelname het ek van die verskillende bronne gebruik gemaak, onder andere H Mulder se Klein Lexicon van Bijbelsche Namen en vir die grondbetekenis van ander trefwoorde leksikons gebaseer op die Biblia Hebraica Stuttgartensia en The Greek New Testament geredigeer deur Kurt Aland en andere . . ." 1275 bl. R349,95

WRIGHT, N T: The resurrection of the Son of God ". . . a full-scale examination of early Christian beliefs about resurrection in general and that of Jesus Christ in particular, beginning with Paul and working through to the start of the third century. Wright looks

at all the evidence, and asks: Why did the Christians agree with Jewish resurrection belief while introducing into it – across the board – significant modifications?

To answer this question we come to the strange and evocative Easter stories in the gospels and ask whether they can have been late inventions. Wright seeks the best historical conclusions about the empty tomb and the belief that Jesus really did rise bodily from the dead, recognizing that it was this belief that caused early Christians to call Jesus 'Son of God'. In doing so, they posed a political challenge as well as a theological one. These challenges retain their power in the twenty-first century."

817 bl. R649,50

CD 199001 – ENG'LEHAND SCHOOF WEG 'T GESTEENTE – Herv. Gem Zangvereniging 'Vox Jubilans' olv Pieter Stolk. Jongerenkoor olv Ton van der Horst. Orgel, cello en trompet. R115

CD 199012 – PASSIE EN PASEN – instrumentaal. Orgel, panfluit, hobo, dwarsfluit, viool en strijkers. O.a. Psalm 22 en 'U zij de glorie'. R115

CD 197017 – CHRISTUS IN DE PSALMEN – niet-ritmiese samenzang vanuit de Nieuwe Kerk te Katwijk aan Zee. Orgel: Peter Wildeman. Meditaties: ds J Belder. R115

□

# SINODE VAN DIE CANADIAN REFORMED CHURCHES

J Moes

## RONDOM DIE KERK: BUITELAND

Die onlangse Algemene Sinode van die Canadian Reformed Churches (CanRC) is gehou van 10 tot 21 Februarie 2004 te Chatham, Ontario, en sal dus bekend staan as Sinode Chatham 2004. Hierdie sinode het besluite geneem wat ook 'n impak het op die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika. Derhalwe bied ons 'n kort oorsig van die belangrikste besluite. Hierdie oorsig is saamgestel op basis van 'n persverslag van Ds H Versteeg, predikant van die CanRC van Chatham, en van die handeling van die sinode soos gepubliseer op die web-werf van die CanRC: [www.canrc.org](http://www.canrc.org).

### SINODE SAMESTELLING

Na 'n bidstond op Maandagaand 9 Februarie 2004, gelei deur Ds Cl Stam met 'n oordenking uit Psalm 131, het die sinode amptelik begin op Dinsdagoggend 10 Februarie. As moderamen is gekies: Ds C Van Spronsen (voorsitter), Ds J DeGelder, Ds J VanVliet en Ds D Agema. Die sinodes van die CanRC word saamgestel uit vier predikante en vier ouderlinge elk van die twee regionale sinodes (Oos- en Wes-Kanada). In totaal het die sinode dus 16 lede. Die sinode het besluit om hierdie getal te vergroot na ses predikante en ses ouderlinge van elk van die twee regionale sinodes. Dit sal 'n breër "verteenwoordiging" van die kerke op die sinode gee en dit sal die sake wat op die sinode bespreek en besluit word nader aan die kerke bring. Verder is die verwagting dat 'n groter getal afgevaardigdes die kans op eensydige besluite sal verminder. (geïnspireer deur Spreuke 11:14 "in die veelheid van raadgewers is redding"). Die werksaamhede van die sinode is ondersteun deur vier sinode-komitees.

'n Aantal dokumente is te laat ingedien by die sameroepende kerk (minder as ses weke voor die sinode sou begin) en sou dus as nie-ontvanklik verklaar moet word.

Ondanks die gevolglike gebrek aan voorbereidingstyd en die gepaardgaande gehalte van insette deur die kerke, is die meeste van die verslae, in die belang van die kerkverband, tog deur die sinode aanvaar. Elf deputate verslae is by die sinode ingedien, asook 17 beswaarskrifte (11 van kerke en 6 van lidmate).

### NUWE PROFESSOR UIT SUID-AFRIKA

As gevolg van ernstige agteruitgang in sy gesondheid, is Dr J DeJong nie langer in staat om sy verpligtings as professor in die vakke diakoniologie en ekklesiologie aan die Teologiese Kollege van die CanRC in Hamilton uit te oefen nie. Dr DeJong is reeds 13 jaar as professor verbonde aan die Kollege. Die Raad van Bestuur (kuratore) van die Teologiese Kollege het by die sinode aanbeveel dat Dr DeJong met onbepaalde verlof gaan en dat Dr AJ de Visser, sendeling van die VGKSA, in sy plek benoem word. Die sinode het kennis geneem van die teologiese opleiding, agtergrond en ervaring van Dr de Visser en het die aanbevelings oorgeneem. Die sinode het die Raad van Bestuur opdrag gegee om Dr AJ de Visser te benoem as professor in diakoniologie en ekklesiologie. Ter verduideliking: diakoniologie betref die amp telike vakke of praktiese teologie, dit is vakke soos preekkunde, herderkunde, kategetiese onderrig en sending; die ekklesiologie betref kerkreg en kerkgeskiedenis.

Ses dae na sy benoeming is Dr de Visser hartlik verwelkom op die sinode en kon hy kennis maak met die sinode-afgevaardigdes en die professore van die Teologiese Kollege. Dr de Visser het die sinode toegesprek en nederig sy waardering uitgespreek oor die eer en vertrouwe wat die sinode in hom gestel het met hierdie benoeming. Hy het wel meegedeel dat as hy die benoeming sou aanvaar dit die sendingwerk in Suid-Afrika op kort termyn sou bemoeilik. Vorige jaar

het een van sy mede-sendelinge, Ds DM Boersma, 'n beroep na die kerk van Denver, Colorado, aanvaar en dié vakature is nog nie gevul nie.

Dr de Visser is daarna toegesprek deur Ds J Moesker, lid van die Raad van Bestuur van die Teologiese Kollege, en Prof C VanDam, dekaan van die Kollege. Dr VanDam het genoem dat daar op die oomblik 17 studente aan die Kollege in Hamilton studeer. Tien dae na sy benoeming het die sinode berig ontvang van die Raad van Bestuur dat Dr de Visser die benoeming aanvaar het. Die sinode het met dankbaarheid kennis geneem van hierdie besluit (en die redaksie van Kompas met besorgdheid oor die aanstaande vertrek van sy eindredakteur). Daar was droefheid by die sinode oor die rede vir die nuwe benoeming, maar daar was ook dankbaarheid dat 'n goedgekwalifiseerde opvolger in die persoon van Dr de Visser gevind kon word.

### BETREKKINGE MET BUITELANDSE KERKE

Sinode Chatham 2004 het baie aandag gegee aan die betrekkinge met ander kerke. Dit betref eers tens kerke in Noord-Amerika, soos die *United Reformed Churches of North America* (URCNA), die *Reformed Churches of the United States* (RCUS), die *Orthodox Presbyterian Church* (OPC), die *Free Reformed Churches of North America* (FRCNA) en *l'Eglise Réformée du Québec* (ERQ).

Dit blyk dat die kontak tussen die CanRC en veral die URCNA en die RCUS goeie vordering maak in die soeke na kerklike eenheid. Die kontakte met die URCNA is die verste gevorder, met bespreking van 'n gesamentlike liedboek en teologiese opleiding. Die gesprekke met die RCUS en die OPC gaan oor toelating tot die nagmaalstafel en die Sondagviering. Die gesprek met die FRCNA fokus op die toe-eiening van die heil, maar hiermee is, tot



*Afgevaardigdes en gaste by die Sinode in Chatham. Regs voor is dr AJ de Visser.*

teleurstelling van die sinode, min vordering gemaak.

Verder het ook die kerke verder weg in die kollig gekom, soos die *Gereformeerde Kerke in Nederland (Vrijgemaakt)* (GKNv), die *Free Reformed Churches in Australia* (FRCA), die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (VGKSA), die Presbiteriaanse Kerk van Korea, die Skotse *Free Church* en gereformeerde kerke in Meksiko, Brasilië, Indonesië en Nieu-Seeland, asook die Internasionale Konferensie van Gereformeerde Kerke (IKGK/ICRC).

**DIE VRYE GEREFORMEERDE KERKE VAN SUID-AFRIKA (VGKSA)**

Die *Committee for Relations with Churches Abroad* (CRCA) van die CanRC het in hulle verslag aan Sinode Chatham 2004 aanbeveel om die susterkerk verhouding met die VGKSA voort te sit, om die VGKSA finansiëel te ondersteun met hul sendingwerk en werk onder verontrustes en om die Teologiese

Kollege te vra om maniere te soek om die VGKSA te ondersteun met hul teologiese opleiding.

Die sinode het oorweeg dat die band met die VGKSA inderdaad ruimte bied om verstewig te word deur samewerking op die gebied van sendingwerk en teologiese opleiding. Hulle neem kennis dat die GKNv ook reeds uitgebreide finansiële ondersteuning gee aan die sendingwerk in Suid-Afrika. Die sinode besluit om die susterkerk verhouding met die VGKSA onder die bestaande reëls voort te sit en dra hul deputate CRCA op om:

1. by die CanRC aan te beveel dat dit goed sou wees om die VGKSA finansiëel te ondersteun met hul sendingwerk en werk onder verontrustes in ander kerke in Suid-Afrika,
2. die Raad van Bestuur van die Teologiese Kollege te vra om maniere te soek om die VGKSA te ondersteun met hul teologiese opleiding, soos deur akademiese ondersteuning met

- byvoorbeeld gaslesings deur dosente van Hamilton,
3. navraag te doen hoekom die VGKSA besluit het om die susterkerk verhouding met die Presbiteriaanse Kerk van Korea te beëindig.

**DIE GEREFORMEERDE KERKEN (VRIJGEMAAKT) IN NEDERLAND (GKNv)**

Twee afgevaardigdes van die GKNv het die sinode bygewoon. Hulle het melding gemaak van die moeites in hulle kerke oor die "Nuwe Vrijmaking". Verder meld hulle ook hul teleurstelling oor die, wat hulle noem voorbarige en ontregte, kritiek van die CanRC op hul kerke. Hulle meld dat hulle kerke beslis getroue kerke van Jesus Christus wil bly, maar dat hulle moeite doen om die taal van die geloof en die praktyk van die Christelike kerk aan te pas aan die taal en situasie van hierdie tyd. Dit is die oorsaak van die aanpassing van die huweliks-formulier en van die denke oor die Sondagsrus.

Deputate CRCA van die CanRC is deur Sinode Chatham opgedra om studie te maak van die GKNV se deputateverslag oor die vierde gebod en Sondagsrus. Verder moet hulle die CanRC se besorgdheid oordra oor die verhouding van die aantal psalms en liedere in die *Gereformeerde Liedboek*. In die derde plek moet die bespreking van die veranderinge van die huweliksformulier voortgaan, waar die rol van die man as hoof van die vrou, die huislike taak van die vrou en die verwagting van die kry van kinders oënskynlik verswak is. In die vierde plek moet hulle ondersoek instel oor die saakgeregtigheid van die "Nuwe Vrijmaking". Die Kanadese kerke word gevra om voorbidding te doen vir die stryd in die Nederlandse susterkerke.

### **ALGEMEEN**

Die sinode het besluit dat persoonlike en kerklike beswaarskrifte teen sinodebesluite die gewone kerklike weg moet gaan: deur die kerkraad, klassis, regionale sinode na die algemene sinode. Met ander woorde, as 'n beswaarde kerklidmaat se eie kerkraad die sinodebesluite geratificeer het, kan enige besware teen die sinodebesluite ingedien word by hierdie kerkraad. Op hierdie vlak moet die besware pastoraal aangespreek word en dus nie meer regstreeks met die volgende sinode nie, soos somtyds gebeur het. Indien die saak ondersteun word kan dit na die volgende breë kerklike vergadering gaan, ens.

Insake die uitroep van 'n nasionale dag van verootmoediging en gebed (Art. 54 KO) het die sinode geoordeel dat so 'n dag slegs uit-

geroep behoort te word in die geval waar die saak dringend en van uiterste erns is en 'n onmiddellike bedreiging vir die kerk en/of die nasie vorm.

Dit is opmerklik hoe intensief die Kanadese kerke betrokke is by die voorbereiding van die sinode. Baie kerke lewer skriftelike kommentaar op deputateverslae, wat 'n bewys is hoe grondig hulle die verslae deurwerk en 'n mening vorm oor die aanbevelings. Ook die deputateverslae getuig van diepgaande studie van die betrokke onderwerp. Die kerkverband funksioneer aktief, volgens die gereformeerde beginsels.

Die volgende sinode van die CanRC sal DV gehou word in Mei 2007 te Smithers, BC. ☩

---

## **VERSLAAF AAN PORNOGRAFIE**

Ds W.B. Slomp

### **LEER EN LEWE**

#### **DIE PROBLEEM**

Die sondes wat in die wêreld gevind word, word ook in die kerk gevind. God se volk word negatief beïnvloed deur die agteruitgang waarin hulle leef. Ongelukkig is dit ook die geval met pornografie.

Pornografie is in vandag se samelewing baie meer beskikbaar as wat dit ooit in die geskiedenis van die Westerse beskawing was. Uitlokkende beelde word op advertensieborde geprojekteer, is vasgevang in tydskrifte en films en word wyd versprei deur die Internet. Dit is moeilik om pornografiese beelde te vermy. Norme in die samelewing het beduidend verander oor die laaste paar dekades. Dit het veroorsaak dat 'n stortvloed van pornografie die mark oorspoel het.

Pornografie is 'n groot besigheid. Daar word geskat dat in die VSA alleen \$10 tot 14 biljoen per jaar daaraan spandeer word. Dit is meer

as wat jaarliks aan dobbelary uitgegee word! Net soos dobbelary, is dit ook baie verslawend.

Ongelukkig is dit ook vir Christelike mans 'n probleem. Volgens 'Focus on the Family' het sestien persent van die mans in die kerk, insluitende predikante, 'n ernstige probleem met pornografie.

Pornografie en onwettige seks was nog altyd daar. Toe Adam en Eva gesondig het, het hulle onmiddellik die behoefte gevoel om hul naaktheid te bedek. Hulle het besef dat hulle begeerte na mekaar nie meer suiwer was nie. As gevolg van die sonde het hulle mekaar om selfsugtige redes en genieting begeer.

Die teenwoordigheid van seksuele sondes en pornografie kan oral in die Bybel gesien word. Net soos by Adam en Eva het die pragtige geskenk van seksuele omgang, wat net vir getroude pare bedoel is,

telkens weer ontaard en is dit misbruik. Selfs 'n Godvresende man soos Dawid is seksueel geprikkel toe hy Batseba sien bad. Die gevolg was dat hy egbreuk gepleeg het.

#### **OORSAKE**

Wat is die rede dat iemand hom na pornografie wend? Daar is geen twyfel dat die hooforsaak daarvan by die sondige hart lê nie. In Jeremia 17:9 lees ons: "Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit; wie kan dit ken?" Toe die mens in sonde geval het, het hy heeltemal bedorwe geraak. Ons is nie meer in staat om heel te wees nie. Ons het vervreem geraak van God en is ook vervreem van ander mense. Daar het 'n leegheid gekom wat vra na opvulling. Mense soek eenheid, heelheid. Dit is vir ons belangrik om tevrede en goed te voel oor onself. As gevolg daarvan, streef ons daarna om die leegheid op te vul.

Daar is baie maniere om hierdie leegheid op te vul. Daarom raak ons maklik vasgevang in die een of ander verslawing. Hierdie slawerny is baie moeilik om te breek. Die mag van slawerny word dramaties geïllustreer deur die volk Israel na-

dat hulle Egipte verlaat het. Hulle was die Egiptenaars se slawe, maar die Here het hulle vrygemaak. Tog, toe hulle in die woestyn kom, wou hulle terug gaan – hulle wou teruggaan omdat daar nie so vinnig in hulle behoeftes voorsien is as wat hulle dit graag wou hê nie. Hulle het die onmiddellike bevrediging van die liggaam gesoek. Hulle wou nie wag tot God hulle voedsel en water gee nie. In Egipte het hulle, alhoewel hulle harde meesters gehad het, genoeg kos gekry en het hulle veilig gevoel. Maar in die woestyn het hulle 'n onseker toekoms gehad en hulle moes gewoon raak aan die nuwe ervarings. Die Here moes harde tug toepas om hulle van die slawerny te verlos.

Dieselfde geld ook vir die slawerny van pornografie. Net soos baie ander dinge, is pornografie verfoeilik, maar ook plesierig. Wanneer jy eers verslaaf is, weeg die plesierige aspekte meer as die verfoeilike en bekende aspekte. Dit is veral maklik om toe te gee aan die verleidings wanneer jy swak is en nie vertrou op die Here wat jou red nie.

### **GEVOLGE**

Mense wat verslaaf is aan pornografie doen nie net baie skade aan hulself nie, maar ook aan hulle geliefdes. Mans wat verslaaf is, sal 'n vrou net as 'n plesiervoorwerp beskou en sal intimiteit vermy. Hulle is onvolwasse en wil nie betrokke raak in 'n intieme verhouding nie. In hulle gedagtes is dit makliker om 'n verhouding te hê met 'n lewelope voorwerp wat nie rekenskap vra nie. As gevolg hiervan begin hulle verhoudings met ander agteruitgaan en verbreek. Maar die erns van hierdie gevolge verbleek in vergelyking met die gevolge wat hierdie verslawing op die verhouding met God het. Die gebruik van pornografie veroorsaak 'n gebroke verhouding met die Heilige God. Paulus sê in Efesiërs 5:3&5: "Maar hoerery en allerhande onreinheid of hebsug moet onder julle selfs nie genoem word

nie ... Want dit moet julle weet dat geen hoereerder... 'n erfdeel het in die koninkryk van Christus en van God nie." Daarom moet seksuele immoraliteit nie onder die mat gevee word in die kerk van God nie. Ons moet dit reg hanteer.

### **HERSTEL GEDRAG**

Dit is baie moeilik om gedrag te verander – veral verslawende gedrag. Satan wil ons in slawerny hou. God vra egter van ons dat ons die sonde onder oë sien, en ook ander help om te breek met hul sondes. Ons kan dit nie sonder God se hulp regkry nie. Daarom moet dit met baie gebed gedoen word, met 'n opregte begeerte om ons lewe te lei tot eer van die Here. Ons verhouding met God moet die eerste prioriteit wees. Slegs Hy kan die leegte in ons lewens opvul.

Die wat aan pornografie verslaaf is, dink, net soos die Israeliete in die woestyn, dat God hulle behoeftes moet vervul. As Hy dit nie doen nie, weier hulle om Hom en sy wette te eer. Verslaafdes moet hierdie manier van dink verander en hulle bekeer. Die wat naby aan die verslaafde is – eggenotes, ouderlinge, ouers, ens. – moet hulle wys op God en sy wette. Die verslaafdes is egbrekers en hoereerders en moet ook so behandel word.

Verhoudings met geliefdes moet ook weer opgebou word. Verder moet die verslaafdes onder oë sien wat die rede is vir hulle onwil om werklik in 'n intieme verhouding met ander te wees. Dit is moontlik dat hulle in die verlede seergemaak is deur ander. As gevolg daarvan voel hulle ongeliefd en dit maak seer. Hulle is kwaad en het dikwels 'n lae selfbeeld. Hulle is bang dat verhoudings weer sal pyn bring en daarom is hulle alleen. Al hierdie onderwerpe moet openlik en eerlik deurgewerk word om die negatiewe patrone te verander.

'n Verdere stap is dat die wat by pornografie betrokke was, moet

verantwoording doen aan geliefdes. Pornografie word gewoonlik in die geheim bekyk. 'n Man sal kyk wanneer sy vrou nie tuis is nie of alreeds gaan slaap het; tieners steek die tydskrifte onder die bed weg of kyk pornografie op die rekenarskerm of televisie wanneer daar niemand is nie. Daarom, om die verslaafdes rekenskap te laat gee, moet die Internet, televisie en films gemonitor word. Kinders behoort nie toegang tot hierdie media te hê nie, tensy daar goeie toesig is – byvoorbeeld in die kombuis of in die sitkamer.

Op die Internet is daar webruimtes beskikbaar wat help om rekenskap gee van Internetgebruik. Daar is byvoorbeeld 'n webruimte met die naam "The Covenant Eyes Program". (Wanneer jy by hierdie program aansluit, word daar gevra om ten minste een naam te gee van 'n "Verantwoordelike vennoot". Op 'n gereelde basis kry die persoon dan 'n rekord van alle webruimtes wat besoek is asook die tyd wat daaraan bestee is. Hierdie rekord word per e-pos na die "Verantwoordelike Vennoot" gestuur.

Mans wat verslaaf was moet ook toestem dat hulle op dieselfde tyd as die vrou bed toe gaan en moet gewillig wees om te praat oor hulle lewe saam.

Satan is daarop uit om die kerk te vernietig. Hy wil ons jeug en ons huwelike verwoes. Pornografie is een van sy wapens. Laat ons nie toelaat dat Satan hierdie destruktiewe werk in die kerk doen nie. Laat ons die werke van die duisternis vernietig, Ons kan dit doen deur die oorwinning van Christus. Hy het ons vrygemaak van die sonde en die duiwel. Dit moet ook in ons lewe wys.

*Ds. W.B. Slomp is predikant van die Immanuel Canadian Church in Edmonton, Alberta. Die artikel het ook in Clarion (16 Jan 2004) verskyn. ▫*



# ONTSPAN OF ONTSPANNINGSVELD?

## - Romantiek en die Bybel

Mev. JA Zwikstra-De Weger

### SAMELEWING

Het u geweet? Batseba het al as kind 'n spesiale oë op die knap Dawid gehad. Ragab was dadelik beïndruk deur Salmon, een van die verspieders wat sy in haar huis versteek het. Jeremia moes na sy roeping tot profeet die meisie van sy drome prysgee, waardeur sy in die hande van sy wrede broer geval het. Tamar wou nie met Juda se oudste seun trou nie, want hy het bekend gestaan vir sy wreedheid en arrogansie. Die apostel Johannes was byna getroud, en dit met Maria, die suster van Lasarus.

Twyfel u nie onmiddellik aan u Bybelkennis nie? Want hierdie feite sal u nie in u Bybel vind nie. Dit spruit uit die brein van romanskrywers; dit is dus suiwer fantasie en gebruik as stof vir romans. 'n Boek moet tog spannend begin en 'n mens tot aan die einde boei. Iemand wat 'n verhaal oor 'n persoon of 'n periode uit die verlede wil beskryf, kan dit nie vermy om uit sy eie verbeeldingskrag te put wanneer hy die persoon of tydperk wil laat herleef nie. 'n Roman is fiksie en die sukses daarvan hang grotendeels van die beskrywing van die karakters af. Gevoelens en emosies speel hierin 'n groot rol. Die verband tussen die gebeurtenisse is ook belangrik, want dit sorg dat die boek (as dit goed geskryf is) tot aan die einde spannend bly.

Begeef jy jou dan nie met die skryf en/of lees van Bybelse romans op 'n soort verbode terrein nie? Die Bybel is immers nie 'n geskiedenis-handboek nie, maar handel oor God se groot daad. Christus is, om dit so te stel, die Hooffiguur. Alle ander persone, hoe belangrik hulle ook al was en hoeveel invloed hulle ook al op die gang van die geskiedenis gehad het, is slegs by-karakters. Wanneer Hy, in sy welbehag, mense ingeskakel het, het dit altyd gebeur in die groter kader van die Bybel as Woord van God. Dit gaan nie oor die mense nie, maar oor die opdoen van kennis oor God. In Bybelse romans ook?

### WAT MAG JY VAN 'n BYBELSE ROMAN VERWAG?

In 'n artikel in die Junie-uitgawe 2003 van "Standvastig", kwartaaluitgawe van "De Gereformeerde Bybelstichting", gaan ds. T.J. de Jong hierop in onder die titel: "Bijbels-historiese romans terechtop populair?" Hy is van mening dat dit onmoontlik is om die term "Bybelse roman" te gebruik, want Bybel en roman hoort nie saam nie. In so 'n roman - oor 'n Bybelse gegewe waarom daar vanuit die fantasie 'n verhaal geweef word - kon gebruik gemaak word van informasie oor allerlei aspekte van die kultuur van die tyd. De Jong dink dat dit wel leerzaam kan wees mits die outeur betroubare werk wil lewer en hom/haar self in die Bybelse kultuur verdiep het. Hy tref 'n vergelyking met die Kinderbybel en 'n vertelling by die skool. Maar, sê hy, "dit kan ook anders



wees. Op 'n oppervlakkige wyse kan skynbaar voorwerpe en omstandighede ens. gebruik word.

'n Verkeerde indruk word dan geskep, ook wat die uiterlike situasies waarin die Bybelse geskiedenis plaasvind, betref." Die onderwerp, of die verhaalpersoon, word dan wel aan die Bybel ontleen, maar die konteks word gefantaseer. So ontstaan 'n nuwe verhaal wat in wese niks meer met die Bybel te make het nie. Die fiksie, die versinnebeelding, oorheers.

Die Jong beskou dit as 'n spanningsveld. Hy neem 'n groeiende simpatie vir die romanfigure waar en dit is ook begryplik. Maar, so meen hy, "die gevaar is lewensgroot aanwesig dat die psigiese en religieuse gevoelens vermeng word en aangesien word vir die ware godsdiens van die hart, wat deur die Heilige Gees bewerk word, ... ek mis dan ook die werking van die Gees, ... ek mis ook pynlik Christus se plaasvervangende en versoerende offer...." En hy is "bang dat baie nie meer die verskil met die Bybel sien en beleef nie". Sy gevolgtrekking is dan ook duidelik afkeurend: hierdie boeke moet maar liefers nie geleer word nie. 'n Bybelse verhaal met 'n eie agtergrond, is nie meer 'n Bybelse verhaal nie.

Tog hou ek maar, ter wille van die gemak, aan om die term "Bybelse roman" te gebruik, ook al is dit in wese 'n verleentheidsterm vir hierdie geure van fiksie. 'n Roman vertel 'n verhaal en behoort, dus ook in 'n roman oor 'n Bybelse (of ander historiese) persoon, die mens vir jou in vlees en bloed te laat verander.

Dit is onvermydelik vir die skrywer om sy eie interpretasie by te voeg. Al gaan hy ook hoe waarheids- en Bybelgetrou te werk, sal die boek 'n geromantiseerde verhaal bly. Hy dring dus as't ware sy eie visie op die karakters van die romanfigure aan sy lesers op, en hy sal dinge moet byvoeg. 'n Verhaal kan byvoorbeeld nie sonder dialoog wees nie, en hoe mense met mekaar gepraat het, is nie letterlik oorgelewer nie.

### VOORBEELDE

Die spanningsveld wat deur De Jong aangevoel word, kan nie ontken word nie, en skrywers voel dit natuurlik ook aan. Hulle gee daarom ook meestal rekenskap daarvan. Een outeur veroorloof homself tog meer vryheid as die ander. Maar almal het dit ten doel om die beskryfde persone en die Bybelse situasie nader aan die lesers te bring. Die romanvorm is 'n baie geskikte medium hiervoor. Paul Maier het heel noukeurig te werk

gegaan. Hy noem sy roman PONTIUS PILATE - 'n "historiese roman op dokumentêre basis": Sy boek-figure is almal histories, sy beskrywings is nie in stryd met bekende historiese feite nie, en waar hy dit nie kan vermy om gebruik te maak van "versinde geskiedenis" nie, voeg hy dit so geloofwaardig moontlik by en doen verantwoording daarvan deur middel van geskiedkundige aantekeninge wat agter in die boek opgeneem is. Die boek blyk dus werklik histories betroubaar te wees en omdat Bybellesers Pilatus net ken as die een wat die vonnis oor Jesus moes vel, is dit boeiend om te lees wie hy nou eintlik was.

Thom Lemmons het 'n aantal romans oor Bybelse figure geskryf, soos:

DANIEL: THE MAN WHO SAW TOMORROW,  
JEREMIAH: HE WHO WEPT,  
JABEZ en WOMAN OF MEANS (*Lydia*). Op die agterflap staan steeds dat dit handel oor 'n realistiese en Bybelgetroue roman, en in Daniël, lees jy onder "Aantekeninge van die outeur" dat die skrywer gebruik gemaak het van wetenskaplike werke. Hy wou liever 'n roman as 'n wetenskaplike verhandeling skryf. Hy hoop dat die leser nie moeite ondervind met sy weergawe van die spannende gebeurtenisse rondom die verowering van Babilon nie, en dat elke aanvanklike verwarring sal verdwyn in die lig van die oorkoepelende tema van God se absolute soewereiniteit.

In dieselfde reeks het JOHANNES deur Ellen Gunder-son Traylor verskyn. Sy noem die skryf van 'n Bybels-historiese man "'n kreatiewe onderneming" en is van siening dat 'n outeur wat "die skrifte eerbiedig glad nie daarmee sal wil bots nie". Sy onderskat nie die gebruik van verbeeldingskrag nie, maar skryf, "As die karakters duidelik geteken word, as die waarhede van God se Woord skerper uitgebeeld word, het die outeur in sy doel geslaag". Na hierdie woorde was dit tog vir my jammer dat die outeur die "hulle vind mekaar" tema by haar roman ingesleep het. Sonder hierdie romantiese elemente, sou die verhaal nog net so boeiend gewees het. Dat so 'n verbeelde geliefde tog 'n funksie in die verhaal kan hê, blyk byvoorbeeld uit JEREMIA. Juis omdat hierdie profeet nie sy werk sou kon doen met 'n vrou aan sy sy nie, laat Lemmons jou aanvoel hoe moeilik sy situasie moes wees.

In die reeks, LEGACIES OF THE ANCIENT RIVER, oor die vroue wat 'n groot rol in Moses se lewe gespeel het, het Angela Hunt in een roman 'n boeiende beeld weergegee van die lewe van 'n prinses aan die Egiptiese hof (sy kom selfs tot bekering in die boek) en van die lewe van 'n herderin in die Midianitiese woestyn. Terselfdertyd word Moses so van verskillende kante belig.

LINEAGE OF GRACE: Ek is minder entoesiasties oor die vyf deeltjies oor die vroue uit die geslags-register van die Here Jesus (*Tamar; Ragab; Rut; Batseba & Maria*) deur Francine Rivers. Sy gee voor dat sy getrou bly aan die Bybelse boodskap, maar dit is tog nie heeltemal waar nie. Sy gebruik baie fantasie. Maar

dis nie al nie. Die opstelling van die boek skep ook moeite, waaroor sy in die "Inleiding" aanteken: "Hierdie vroue was nie volmaak nie, maar ondanks dit het "God hulle nodig gehad vir die uitvoering van sy volmaakte plan. In sy oneindige goedheid het Hy hulle gebruik om Christus, die Redder van die wêreld, voort te bring" (beklemtoneing deur die outeur). Is dit Bybels dat God mense nodig het? Bowendien sluit die boeke af met Bybelstudies, waardeur hulle bo en behalwe fiksie, byna die karakter kry van Bybelstudieboeke. Die Bybelstudies is op die betrokke Bybelse geskiedenis gebaseer en toegespits op die persoonlike geloofs-ontwikkeling van die leser, aldus die agterflap. Helaas is die meeste vroe en opdragte sterk op die mens gerig. By Bybelstudies mag jy verwag dat Christus sentraal staan, maar hierdie reik nie verder as die lewensgeskiedenis van die beskrywe vroue en die beleving wat die leser(-es) daarvan het met betrekking tot haar/sy eie situasie nie.

In die geheel gesien is dit duidelik dat hierdie skrywers ernstig besig was om hulle boekfigure eerlik neer te pen. Hulle betuig hiermee ten minste eerbied vir God en sy Woord. Daar is ook romans waar 'n mens ver moet soek om die eerbied te vind en nie kwalifikasie van Bybelse roman verdien nie. Die skrywer neem sy/haar uitgangspunt wel uit die Bybel, want die spesifieke figuur het hulle belangstelling gewek en sy/haar lewens-geskiedenis het die fantasie geprikkel. Maar nie om God daardeur te verheerlik, of om aan die lesers te toon hoe Hy in die gang van die tyd werk nie. Die verhaal kry doelbewus 'n ander wending: eerder as satire op of selfs protes teen die Bybel. Voorbeelde hiervan is: THE SON OF LAUGHTER deur Frederick Buechner, waarin jy 'n heel ander Jakob, seun van Isak, ontmoet as die uit Genesis; ACCORDING TO MARY MAGDALENE, deur Marianne Fredriksson, waarin die hoer Maria van Magdala beskryf word as die geliefde van die Here Jesus of VOYAGERS OF THE ARK, deur Anne Provoost, oor die bou van die ark en die sondvloed, waarna daar meer oorlewendes is as net Noag en sy gesin. Al gaan dit om literêr knap geskrewe boeke, word die grense hier oorskry en Bybelse persone word gebruik - dus: misbruik - om aan die Bybelse boodskap 'n heel ander kinkel te gee.

### SUKSES

Daar het in die laaste aantal jare nogal heelwat Bybelse romans verskyn. Die reeks van skrywers soos Thom Lemmons en Francine Rivers is baie gewild en verskyn hoog op die toptienlyste. Vanwaar die sukses? As jy maar met 'n paar mense gaan praat, hoor jy eintlik by almal dieselfde. Mense wil op 'n ontspannende en toeganklike manier ingelig word oor die lewe in die Bybelse tyd. So 'n boek kan jou kennis van en jou belangstelling in die kultuur van die dae vergroot. Jy begin situasies vergelyk. 'n Bybelse roman kan die lees van die Bybel self stimuleer en ou skrifkennis vergroot. Jou geloof kan daardeur versterk word en jy kan daardeur nader aan Christus groei.

Verder is lesers, veral leeresse, bloot nuuskierig oor watter emosies die mense gehad het. Hoe het Daniël gevoel toe hy in die leeu kuil moes ingaan? Hoe het Maria die koms van die engel ervaar, en die geboorte van haar Kind? Hoe was dit om in die nabyheid van die Here Jesus te wees? Wat het deur Batseba se gedagtes gegaan toe haar liggaam die begeerte van die koning opgewek het? Ens. Ens.



Die risiko dat jy die beeld wat die outeur skets net so oorneem, word deeglik erken, en mens let dus daarop. En wanneer jy vasstel dat skrywers verskillende uiteindes gee aan hulle eie interpretasie van dieselfde Bybelverhaal, benader jy dit tog vanself nugter! Hiervan 'n paar sprekende voorbeelde, Thom Lemmons het in *WOMAN OF MEANS*, 'n roman van 300 bladsye, oor Lydia, die purperverkoopster van Thiatire geskryf. Die Bybel noem haar naam slegs op twee plekke in Handeling 16. Al blyk dit dat Lemmons homself op die hoogte gebring het van die lewe in daardie tyd, kon hy dit nie vermy om baie fantasie te gebruik nie. (Tussen hakies: vir my is dit een van die mooiste boeke, omdat hy die figuur Lydia heel geloofwaardig uitbeeld. Origens sou die verhaaltelma net so in 'n eietydse roman pas). Lydia was getroud en moes na die dood van haar man vir haar twee kinders sorg. Sy het goed gevaar as sakevrou.

Lydia kom ook in die roman *PAUL* van Walter Wangerin voor. Hy beskryf haar juis as 'n ongetroude vrou, wat al voordat Paulus haar gedoop het, met ander vroue saamgekom het en elke Sabbat die godsdiensoefening gelei het. Sy het pragtige lang hare gehad en het gedemonstreer wat Paulus bedoel het met vroue wat kan bid of profeteer, maar nie met 'n onbedekte hoof nie (vgl. 1 Kor 11:1-16).

As tweede voorbeeld noem ek Rut oor wie Francine Rivers in die eerder genoemde reeks geskryf het. Thom Lemmons het 'n hoofstuk aan haar gewy in *DESTINY BY CHOICE* (die CLK-aksieboek 2003). Albei verhale begin met die dood van Maglon. By Rivers was hy al 'n ruk lank ernstig siek. Lemmons het hom tydens 'n storm laat verongeluk. By Rivers is Boas 'n ouer man wat altyd onge-troud gebly het: vanweë sy buitelandse afkoms was hy ongewild, en hy was versmaad deur sy eerste en enigste liefde: nogal Naomi self!! Lemmons skilder Boas meer sober, as 'n ouer man wat wel getroud was, maar al jare lank 'n wewenaar was nadat sy vrou en kind op die kraambed gesterf het.

## INDEKS?

Om nog terug te keer na ds. TJ de Jong en sy afwysing: dit het my eerlikwaar 'n bietjie hartseer gemaak en laat dink aan die indeks van vroeër, 'n lys van verbode boeke wat deur die geestelike leiers opgestel is. Ek wil nie graag terugkeer na die tyd van 'n monddooie en volgsame publiek nie. Laat 'n resensent in hierdie tyd gerus aandui waarom hy 'n boek aanbeveel of nie. Maar laat die leser toe om self ook 'n mondige besluit te neem. Met

Bybelse (en ook algemeen-historiese) romans weet jy dat jy besig is met 'n roman, dus per definisie 'n geromantiseerde verhaal. Dit maak die verhaal tog alreeds relatief!

'n Bybelse roman mag met reg so genoem word as daarin na vore kom wie God is, hoe Hy werk en hoe hy dit ook vroeër gedoen het, hoe Hy van mense gebruik gemaak het in die uitvoering van sy planne, wat ondanks al hulle tekortkominge en gebreke, hul lewens in sy diens gestel het en alles van Hom verag het. Daar is niks fout met 'n roman wat Bybelse figure geloofwaardig en oortuigend beskryf nie. Ek het al heelwat gelees en sien nou weer uit na die nuutste op die gebied: soos 'n trilogie oor Hiskia uit die pen van Lynn Austin (*CHRONICLES OF THE KING*???)!

*Oorgeneem uit 'Nader Bekeken' Jaargang 10: 12 Desember 2003. Die artikel is vertaal deur Mariaan Hordijk. Engelse titels is waar moontlik in Kompas gebruik alhoewel sommige boeke ook in Afr beskikbaar is. ♂*

## DIE OSSUARIUM VAN JAKOBUS

Dr AJ de Visser

### VARIA

Dit is die mees belangrike argeologiese ontdekking van ons tyd genoem: 'n kalksteen-kissie met die inskripsie 'Jakobus, seun van Josef, broer van Jesus'. Dit is in 2002 ontdek en word deur baie wetenskaplikes as eg beskou. Is dit dalk die eerste argeologiese bewys vir die bestaan van Jesus?

In die eerste eeu na Christus het Jode hul dooies in grafkelders begrawe. Na 'n jaar, as die sagte weefsels heeltemal ontbind het, is die bene van die oorlede persoon versamel en in 'n kalksteen-houer

geplaas, 'n sogenaamde *ossuarium* (afgelei van 'os', die Latynse woord vir 'been'). Hierdie houers was gewoonlik 'n bietjie meer as 50 cm lank, groot genoeg om die langste been van 'n liggaam, die dybeen, te bevat. Soms is die naam van die oorlede persoon op die houer ingekerf, soms nie.

Ossuariums is gereedelik te koop in oudhede-winkels in Palestina. 'n Hele klompie jare gelede het 'n Joodse handelaar 'n ossuarium in die hande gekry, dit op die rak geplaas, en verder nie veel aandag

daaraan gegee nie. Daar was 'n inskripsie op wat hy nie kon lees nie. Eendag kry hy toe 'n Franse paleograaf (kenner van ou handskrifte) in sy winkel en hy vra hom toe om na die boks te kyk. Die Fransman, André Lemaire, 'n professor aan die Sorbonne Universiteit in Parys, het na die inskripsie op die boks gekyk en amper 'n hartaanval gekry. Dit was 'n Aramese inskripsie, die taal wat deur Jesus en sy volgelinge gebruik is, en dit het soos volg gelees: *Ya'akov bar Yosef achui d'Yeshua*, dit wil sê: *Jakobus, seun van Josef, broer van Jesus*. Lemaire het onmiddellik besef: As hierdie houers eg is en nie 'n vervalsing nie, dan is dit die eerste argeologiese vonds wat direk met Jesus verbind kan word.

Die ossuarium is deeglik getoets. Eers is die materiaal van die kis in 'n laboratorium ondersoek. Dit het geblyk dat dit die tipe kalksteen is wat in Jerusalem se omgewing voorkom. Daarna is die tipe skrif op die ossuarium ondersoek. Dit het geblyk dat dit ooreenstem met die skrif uit die eerste eeu na Christus. Daarna is gekyk na die taalgebruik, die Aramees wat gebruik is. Dit het geblyk dat dit die tipe Aramese woorde was wat in die eerste eeu na Christus gebruik is. Sekerder as dit kon 'n mens nie wees nie. In September 2002 is aan die wêreld bekendgemaak dat 'n ossuarium gevind is wat waarskynlik die bene van Jakobus, die broer van die Here Jesus, bevat het.

Toe gebeur 'n merkwaardige ding. Die ossuarium sou vir die eerste maal aan die media bekendgestel word by 'n spesiale uitstalling in Toronto, Kanada. Ongelukkig is die ossuarium blykbaar nie goed verpak nie, want toe dit in Toronto aankom, was dit vol krake, onder andere 'n kraak wat dwarsdeur die teks van die inskripsie geloop het. Nadat die skade so goed as moontlik herstel is, is die ossuarium bekendgestel en het die foto daarvan op die voorblad van die *New York Times* en ander belangrike koerante verskyn.

### **KRITIESE VRAE**

Na die aanvanklike opwindings het daar 'n stortvloed van kritiese vrae



*Die ossuarium van Jakobus*

gevolg. 'n Algemene beswaar was dat die ossuarium 'n vervalsing kon gewees het. Iemand kon immers die inskripsie 20 eeue later ingekerf het? Paleografe wat die ossuarium ondersoek het, stem egter saam dat die tipe letters die gebruikelike handskrif van die eerste eeu na Christus weerspieël. As iemand dit vervals het, moes dit 'n meester-valsers gewees het.

Ander mense het die beswaar na vore gebring dat die name Jakobus en Josef en Jesus baie algemeen was in daardie tyd. Hoe kan 'n mens so seker wees dat dit *die* Jakobus en *die* Jesus is? Op 'n totale manlike bevolking van 80 000 manne in Jerusalem en omgewing kon daar, statisties gesproke, tussen 15 en 25 Jakobusse gewees het wie se pa die naam Josef en wie se broer die naam Jesus gehad het. Daar moet egter onthou word dat arm mense nie moeite gedoen het om hul oorledenes se bene in ossuariums te plaas nie.

Die mees belangrike argument is egter die feit dat op 'n ossuarium gewoonlik slegs die oorledene se eie naam en die naam van sy pa vermeld is. Dit is baie skaars dat die naam van iemand se broer vermeld word, tensy dit 'n beroemde broer was ...

Die ontdekking van Jakobus se ossuarium het selfs aanleiding gegee tot teologiese debat. Die Rooms-

Katolieke Kerk glo amptelik dat Maria haar lewe lank 'n maagd gebly het, en dat Jakobus nie 'n broer van Jesus was nie, maar 'n neef. Die Oosters-Ortodokse Kerk glo dat Jakobus 'n seun van Josef was uit 'n vorige huwelik.

In die Protestantse tradisie glo ons natuurlik dat Maria 'n maagd was toe Jesus gebore is, maar dat sy daarna in haar huwelik met Josef ander kinders gekry het, op die gewone manier, en dat Jakobus dus met reg 'n broer van Jesus genoem word. Indien die ossuarium van Jakobus eg is, ondersteun dit die Protestantse sieningswyse.

Wat is die konklusie? As 'n mens na die feite kyk en na die debatte luister, is daar 'n baie goeie kans dat die ossuarium wat gevind is inderdaad die bene van die Jakobus bevat het wat die broer van die Here Jesus was. En as dit nie waar is nie? Ag, gelukkig hang die betroubaarheid van die evangelie nie van die betroubaarheid van hierdie bene-boks af nie!

*Vir meer inligting, lees die boek van Hershel Shanks & Ben Witherington III, *The Brother of Jesus. The Dramatic Story & Meaning of the First Archaeological Link to Jesus & His Family*. HarperCollins 2003. Of gaan 'google' 'n bietjie op die internet met die kombinasie "Brother of Jesus".* ✠